higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
**NKR VLAK 3**

(4101053)

**30 November 2020 (Y-vraestel)**
**13:00–15:30**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

.

129Q1N2030

**TYD: 2½ UUR**
**PUNTE: 150**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visuele tekste
   AFDELING D: Funksionele taalgebruik
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Trek 'n streep deur werk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: INTERNETARTIKEL

Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**DOKTER GERT STEYN GLO NIE AAN AFSKEEPWERK NIE**
Ilette Coetzer

Ek is 'n mediese dokter en werk op die oomblik by die afdeling van plastiese en rekonstruktiewe chirurgie asook die brandeenheid van die Kimberley-hospitaal. Dr. Maria Giaquinto-Cilliers is die enigste plastiese chirurg in die hele Noord-Kaap en is die hoof van die eenheid.

**Hoekom plastiese/rekonstruktiewe chirurgie?**
Ek hou van 'n omgewing wat mooi en ordelik is. Plastiese en rekonstruktiewe chirurgie is vir my 'n passie, want dit kombineer die 'mooimaak' van wat ís, of andersyds van dit wat nie moes gewees het nie. Ek het egter 'n swak punt – ek kan vreeslik besluiteloos wees wanneer dit in 'n restaurant by die keuse van 'n maaltyd kom. Ek sal dit verkies as eetplekke net een gereg op die spyskaart het, dan sal my lewe makliker wees!

**Wat geniet jy van jou werk?**
Ons verskaf dienste aan pasiënte in die hele Noord-Kaap. Ons doen nie kosmetiese operasies nie, maar fokus slegs op rekonstruktiewe operasies soos die herstel van geboortedefekte, 'n gesplete verhemelte, die uitsny van velkanker, asook enige rekonstruksie na erge trauma. Ons het ook gereeld veldtogte om die publiek van die gevare en voorkoming van brandbeserings bewus te maak. Ek geniet elke aspek van my werk, veral die uitdagings in die teater, want dis dáár waar ek werklik 'n verskil kan maak. Dis ook baie bevredigend om te sien watter verskil rekonstruktiewe operasies in pasiënte se lewens maak, veral nadat hulle een of ander trauma beleef het.

Ek is baie presies en perfeksionisties. My ma het my van kleins af 'pyn Steyn' genoem. Maar in my soort beroep is dit amper 'n noodsaaklikheid. Daar is nie halwe mates waarmee dinge gedoen word nie. Ek sal eerder 'n projek los voordat ek dit half aanpak. Ek hou van balans in alle fasette van my lewe. Familie en sentiment speel ook 'n baie belangrike rol in my lewe en ek glo ek is wíé en wát ek is as gevolg van my gene, maar ook van my omgewing.

Ek het nooit aan Kimberley as 'n moontlike bly- of werksplek gedink nie, maar toe die geleentheid om my droom na te jaag juis hiervandaan kom, het ek nie 'n oomblik getwyfel nie. Hoewel ek nog nie kan praktiseer nie, is ek baie gelukkig om in 'n pos te wees waar ek steeds opleiding ontvang en blootstelling kry in die spesialisveld waarin ek wil wees.

Kimberley herinner my baie aan my geboortestad, Port Elizabeth, want hoewel dit 'n stad is, is dit ook 'n dorp. Die mense is aards en vriendelik en plekke is maklik toeganklik, plus al die geriewe wat 'n stad ook bied. Ek dink reeds aan Kimberley as my huis. Dit is 'n mooi stad vol geskiedenis. Die mense wat ek reeds hier ontmoet het, is spesiaal en ek is gelukkig om met nuwe vriende omring te wees. Dit is ook natuurlik naby genoeg aan my huismense om sommer op 'n Sondag vir 'n gekookte ete Schweizer-Reneke toe te ry.

**Jy word as 'n *cool* dokter beskryf, dink jy ook so?**
As *cool* beteken dat ek genoeg ruimte laat vir ander mense en hulle sienings, is ek *cool.* As *cool* beteken ek kan met almal wat my pad kruis, assosieer, ja, dan is dit wat en waar ek wil wees. As *cool* beteken dat ek populêr en gewild is of moet wees, dan is ek ongelukkig nie *cool* nie. Ek glo nie in skynheiligheid en naam-koop nie, maar in eerlikheid van oortuiging en om te alle tye die waarheid te praat. Natuurlik is ek oop vir oortuiging, maar dit moet teoreties en esteties sin kan maak, want groepsdruk was nog nooit iets waarvoor ek geswig het nie.

**Waar sien jy jouself oor tien jaar?**
Alles wat ek vandag doen, is gefokus op waar ek oor tien jaar wil wees – 'n spesialis in eie reg. Ek wil geken word weens my passie vir my werk en die presiesheid waarmee ek dit doen. Ek wil gemaklik en gerieflik wees en lewe, maar ek wil ook die mense rondom my gemaklik en gerieflik in hulle eie vel laat lewe.

[Verwerk uit: *https://www.glittermag.co.za/september-2017/item/307-dokter-sonder-grens*]

1.1 Oor wie is hierdie artikel geskryf? (1)

1.2 Watter soort beroep beoefen Gert Steyn? (1)

1.3 Noem die TWEE eenhede waar Gert werk. (2)

1.4 Wie is die enigste plastiese chirurg in die Noord-Kaap? (1)

1.5 Waar is Gert gebore? (1)

1.6 Noem die TWEE soorte chirurgie wat Gert se passie is. (2)

1.7 Wat is Gert se swak punt? (2)

1.8 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

Gert Steyn en sy eenheid verskaf ... aan pasiënte in die Noord-Kaap.

A algemene mediese dienste
B rekonstruktiewe operasies
C traumabehandeling (1)

1.9 Watter soort gereelde veldtogte het hulle? (2)

1.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

'Hulle doen slegs kosmetiese operasies.' Staaf jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (2)

1.11 Watter aspek geniet Gert baie, veral omdat hy 'n verskil kan maak? (1)

1.12 Wie het hierdie artikel geskryf? (1)

1.13 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

Gert Steyn se bynaam was 'cool Steyn'. (2)

1.14 In watter stad bly hy? (1)

1.15 Noem EEN ding wat 'n belangrike rol in Gert se lewe speel. (1)

1.16 Gert werk by die Kimberley-hospitaal.

Noem TWEE voordele daaraan verbonde vir hom. (2)

1.17 Hoe verseker Gert 'n sterk band met sy huismense? Watter voordeel put hy daaruit? (2)

1.18 Noem TWEE langtermyndoelstellings wat Gert het. (2)

1.19 Noem TWEE positiewe karaktereienskappe van hom. (2)

1.20 Kimberley is vandag 'n moderne stad ryk aan historiese skatte.

Haal 'n sin aan uit die teks wat hierdie stelling bevestig. (1)

1.21 Hoe sou jý iemand beskryf wat *cool* is? (2)

1.22 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.22) in die ANTWOORDBOEK neer.

Gert Steyn wil graag sy pasiënte help om ...

A *cool* te wees.
B goed oor hulself te voel.
C populêr te wees. (1)

1.23 Gee die verskil tussen 'n *kosmetiese* en *rekonstruktiewe* operasie en moem 'n voorbeeld van elk. (2)

1.24 Waar woon Gert Steyn se ouers? (1)

1.25 Dui aan of die volgende stelling 'n FEIT of 'n OPINIE is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Feit' of 'Opinie' langs die vraagnommer (1.25) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord.

Erge brandbeserings is traumaties. (2)

1.26 Waar sien jy jouself oor tien jaar? (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

As jy al vir 'n lang ruk reeds moeg is, skielik begin moeg raak of daar nie 'n spesifieke oorsaak vir jou moegheid is nie, skenk aandag daaraan.

Lees die volgende artikel oor chroniese moegheid aandagtig deur en volg die instruksies.

### TOT DIE DOOD TOE MOEG?

Stresvolle werk, 'n sterfte, onlangse ouerskap en belangrike lewensgebeure moet alles oorweeg word wanneer dit by moegheid kom. Hierdie faktore is algemene rusverstoorders – nes depressie.



As jy behoorlik wil rus, moet jy na jouself omsien. Jy weet dalk te min oefening kan jou moeg maak, maar het jy geweet te veel oefening kan dieselfde doen?

Voedingstekorte kan bydra tot moegheid. Jy kan veral te min vitamiene B1, B12, D, jodium, yster, magnesium of sink hê. Mettertyd kan dié tekorte jou benadeel.

Die volgende is die algemeenste voedingsverwante tekort, veral in vroue, atlete en vegetariërs:
Anemie of bloedarmoede – 'n tekort aan yster wat dit vir rooibloedselle moeilik maak om suurstof na die liggaam se selle te vervoer

Enige toestand wat met inflammasie van die lewer gepaard gaan, veroorsaak aanhoudende moegheid.

Pasiënte word gereeld vir slaapstudies gestuur om te toets vir slaapapnee. Dis 'n slaapstoornis wat gekenmerk word deur onderbroke asemhaling

Chroniese inflammasie put die liggaam uit. Dit kan voorkom wanneer die liggaam se immuunstelsel homself aanval.

Uitputting is een van die hooftekens van 'n hartaanval by vroue, tesame met sweet, pyn en ongemak in die bors, arm of maag, kort van asem, duiseligheid of naarheid.

[Verwerk uit: *https://www.mediclinicinfohub.co.za/tot-die-dood-toe-moeg/*]

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES**

- Skryf SEWE tekens neer waarna jy moet oplet wanneer jy chronies moeg is.
- Skryf elke teken as hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
- Skryf jou sinne ondermekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- Die opsomming mag nie langer as 80 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: VISUELE TEKSTE

### VRAAG 3: PAMFLETTE

Bestudeer die pamflet en beantwoord die vrae.




[Bron: *http://www.taalmuseum.co.za/eersdaagse-geleenthede/*]

3.1 Waarheen word die leser van hierdie pamflet uitgenooi? (1)

3.2 Wie is die gasspreker by hierdie geleentheid? (1)

3.3 Wanneer en hoe laat vind hierdie geleentheid plaas? (2)

3.4 Wat word bedoel met 'n *glansgeleentheid*? (1)

3.5 Wat beteken die afkorting *RSVP*? (1)

3.6 Noem TWEE maniere waarop belangstellendes met die organiseerders van hierdie geleentheid in verbinding kan tree. (2)


3.7 Watter woord in die teks sê vir ons dat die persoon wat vereer word, reeds oorlede is? (1)

3.8 Wat is NASPERS se betrokkenheid by hierdie geleentheid? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: ADVERTENSIE**

Bestudeer die volgende internetadvertensie en beantwoord die vrae.




[Bron: *www.virseker.co.za*]

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Waar kan jy vir hierdie advertensie gaan soek? | (1) |
| 4.2 | Hoekom is daar koeksisters op die foto? | (2) |

4.3 Noem TWEE dinge waarop Virseker trots is. (2)

4.4 Waaraan word 'n deel van die premies geskenk? (1)

4.5 Noem TWEE dinge wat gefinansier word deur geld wat so gegenereer word. (2)

4.6 Wat verstaan jy onder *bobaasdiens*? (1)

Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Virseker se voertaal is slegs Engels. Haal 'n sinsdeel uit die teks aan om die antwoord te staaf. (3)

4.8 Noem TWEE dinge wat Virseker sy kliënte bied. (2)

4.9 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

Indien jy 'n kwotasie aanvra, is jy verplig om by Virseker aan te sluit. (2)

4.10 Wat is 'n *premie*? (1)

4.11 Hoekom dink jy het Virseker juis hierdie naam vir hul instansie gekies? (1)

4.12 Noem TWEE metodes waarop iemand met Virseker in verbinding kan tree. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: TAAL-IN-PRAKTYK

### VRAAG 5: KREATIEWE TEKSTE

Kies die korrekte woord of woorde uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.1–5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Sy is 'n ware slang. | A | vergelyking |
| 5.2 | Hoekom, o hoekom is die vakansie so kort? | B | metafoor |
| 5.3 | Hy is so vinnig soos blits. | C | figuurlike betekenis |
| 5.4 | Ek is so vol geëet ek voel ek het 'n bees ingesluk. | D | retoriese vraag |
| 5.5 | Die liniaal het so stil soos 'n soldaat op die grond gelê. | E | personifikasie |

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 6: ARTIKEL**

Voltooi die sinne in KOLOM A deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.31) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|
| **PADONGELUKFONDS: EISE VIR BEGINNERS** | | |
| 'n Ongeluk is 'n (6.1 helse) slag vir enige mens. Dis skade aan jou (6.2 voertuig) en mediese uitgawes. Jy is heeltemal reg dat jy by die Padongelukfonds, oftewel die POF, moet eis (6.3 !) | 6.1 sinoniem<br>6.2 meervoud<br>6.3 funksie van uitroepteken | (1)<br>(1)<br>(2) |
| Ja, dit kán lank duur, maar ons raai dit (6.4 ...) sterkste aan, want dit lyk asof jy 'n eis het. Die POF is natuurlik verantwoordelik vir (6.5 rehabilitasie) en (6.6 vergoed) vir | 6.4 voorsetsel<br>6.5 verdeel in lettergrepe<br>6.6 korrekte vorm van woord | (1)<br>(2)<br>(1) |
| (6.7 mense wat in 'n motorongeluk seergekry het). Kom ons vertel jou presies wat dit is en hoe 'n eis by die POF werk. | 6.7 een woord | (1) |
| **Wat is die Padongelukfonds (POF) (6.8 ?)** | 6.8 funksie van vraagteken | (2) |
| Die POF is verantwoordelik om (6.9 toepaslik) dekking te gee aan alle padgebruikers in Suid-Afrika. Die dekking is vir (6.10 rehabilitasie) en vergoeding ná 'n ongeluk. Die fonds bied twee soorte dekking: | 6.9 korrekte vorm van woord<br>6.10 sinoniem | (1)<br>(1) |
| ▪ Persoonlike versekeringsdekking vir die slagoffers van die ongeluk en hul gesin;<br>▪ (6.11 Vrywaar + versekering) vir die sondaar om te help dat die skuldige en sy gesin nie (6.12 finansieel/finansieël) ondergaan weens eise nie. | 6.11 samestelling<br>6.12 korrekte spelling | (1)<br>(1) |
| **Wie kan eis by die POF?**<br>Die POF maak onder andere voorsiening vir (6.13 verskillende) mense om te eis:<br>▪ Iemand wat (6.14 as gevolg van) die ongeluk beserings opgedoen het<br>▪ Enige afhanklike van die persoon wat beserings opgedoen het<br>▪ As die persoon wat eis jonger as (6.15 18 jaar) is, moet hy of sy gehelp word deur 'n voog of ouer | 6.13 antoniem<br>6.14 afkorting<br>6.15 getal in woorde | (1)<br>(1)<br>(1) |

| | | |
|---|---|---|
| **Hoe eis 'n mens by die POF?**<br>(6.16 Die eis word op 'n voorgeskrewe vorm ingedien). Dit behels basiese inligting oor die (6.17 eiser), die motor en al die partye wat in die ongeluk was, die datum, die plek waar dit plaasgevind het en natuurlik die waarde van die (6.18 eis). | 6.16 Herskryf sin in ontkennende vorm<br>6.17 vroulike vorm<br>6.18 meervoudsvorm | (2)<br>(1)<br>(1) |
| Dit behels ook 'n (6.19 medies) verslag wat verkry kan word van die (6.20 dr.) wat die eiser behandel het. | 6.19 korrekte vorm van die woord<br>6.20 skryf voluit | (1)<br>(1) |
| Daar moet ook 'n (6.21 beëdigde/beedigde) verklaring by die naaste polisiekantoor afgelê word. | 6.21 Kies korrekte spelling | (1) |
| Dié verklaring moet die volgende besonderhede bevat (6.22 :)<br>▪ Volle beskrywing van die ongeluk;<br>▪ Al die (6.23 getuie) se weergawes van die ongeluk;<br>▪ Die polisie se (6.24 verslag);<br>▪ Mediese en hospitaalverslae. | 6.22 funksie van dubbelpunt<br>6.23 meervoud<br>6.24 verkleinwoord | (2)<br>(1)<br>(1) |
| Die POF bepaal of elke eis (6.25 geldig) is. Soms word 'n eis (6.26 ongeluk) verwerp. (6.27 Mnr. Raath: 'Wanneer die POF al die nodige inligting het, sal daar besluit word of die saak meriete het'.) (6.28 Meriete word bepaal deur te kyk na die graad van skuld en blaam). | 6.25 antoniem<br>6.26 byvoeglike naamwoord<br>6.27 Skryf in indirekte rede<br>6.28 Skryf in ontkennende vorm | (1)<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>**[35]** |

[Verwerk uit: *https://www.son.co.za/Alles-wat-mal-is/Sonlegal/padongelukfonds-eise-vir-beginners-20170211*]

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

### VRAAG 7: VERGADERINGS

7.1 Verduidelik die verskil tussen *openbare* en *private* vergaderings en gee 'n voorbeeld van elk. (2 + 2) (4)

7.2 Noem enige DRIE pligte van die sekretaris/sekretaresse tydens 'n vergadering. (3)

7.3 Noem DRIE aspekte van 'n vergadering wat in die kennisgewing moet verskyn wat voor die tyd uitgestuur word. (3)

7.4 Kies die vergaderingsterme uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.4.1 | Hy of sy open die vergadering | A | verdaag |
| 7.4.2 | Om die vergadering te onderbreek voordat al die items op agenda afgehandel is | B | kworum |
| 7.4.3 | Minimum aantal lede wat teenwoordig moet wees om vergadering wettig te verklaar | C | spesiale vergadering |
| 7.4.4 | Vergadering waar 'n nuwe komitee vir die volgende jaar verkies word | D | voorsitter |
| 7.4.5 | Vergadering waar dringende sake bespreek moet word | E | algemene jaarvergadering |

(5 × 1) (5)
**[15]**

**VRAAG 8: TOESPRAKE, AANBIEDINGS EN ONDERHOUDE**

8.1 Noem die DRIE dele waarin 'n toespraak of mondelinge aanbieding skematies opgedeel word. (3)

8.2 Gee DRIE wenke vir geskikte kleredrag vir ʼn werksonderhoud. (3)

8.3 Kies die korrekte onderhoudsvrae uit KOLOM B wat by die voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.3.1–8.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.3.1 | Hoekom het jy besluit om by die Goodwood-rugbyklub aan te sluit? | A | hipotetiese vraag |
| 8.3.2 | Waar is jy gebore? | B | ope vraag |
| 8.3.3 | Watter aanpassings sal jy aan die maatskappy se verlofbeleid aanbring? | C | geslote vraag |
| 8.3.4 | Ek dink vrouens moenie op die bestuur dien nie. Dink jy nie ook so nie? | D | spesifieke vraag |
| 8.3.5 | Het jy 'n voertuiglisensie? | E | leidende vraag |

(5 × 1) (5)
**[11]**

## VRAAG 9

Kies die terme uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1–9.4) in die ANTWOORDBOEK neer

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Wees stiptelik en voorbereid vir 'n werksonderhoud | A | onderhoudvoerder |
| 9.2 | Onderhoud wat gevoer word wanneer werknemer sekere reëls oortree het | B | dissiplinêre onderhoud |
| 9.3 | Voorafbeplande formele ontmoeting | C | goeie gedrag voor 'n onderhoud |
| 9.4 | Hy evalueer die kandidaat deurlopend tydens die onderhoud | D | onderhoud |
| | | E | tugkomitee |

(4 × 1) **[4]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou